Nóg-baie-meer-God...!

Lukas 11:1-13

Inleiding

- Waarmee maak jy jou pyn stil?
  - Wat doen jy met daardie dowwe seer van 'verdwaalgeid' in jou binnekant
    - wat so nou en dan kop uitsteek?
  - na n ruk se lewe is dit mos asof daar so klomp los drade is.

- Dalk trek jy die gordyne toe en kies vir video's en pizza.
  - Dalk slaan jy voor die TV neer en blaai deur die kanale soos 'n zombie.
  - Dalk vaar jy die winkels in en vind 'n tikkie verligting as die kredietkaart so 'ching...ching' deur die masjientjie gly.

- Wat maak jy as die druk te veel word....?

Jesus se dagboek

- Jesus het nogal 'n 'mal' besige skedule gehad.
  - Hy het hard gewerk deur baie te preek in sinagoges,
  - honderde mense is deur Hom genees,
  - bose geeste is uitgedryf
  - en duisende het aanhoudend na Hom toe gekom met versoeke of vir raad.

- In Markus 1:32-39 lees ons so te se 'n bladsy in sy dagboek:

32Toe dit aand geword het en die son al onder was, het die mense al die siekes en dié wat in die mag van bose geeste was, na Hom toe gebring. 33Die hele dorp het by die deur van die huis saamgedrom. 34Hy het baie siekes wat allerhande kwale gehad het, gesond gemaak en baie bose geeste uitgedrywe. Hy het die bose geeste nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle geweet het wie Hy is.

35Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en
buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid. 36Simon en dié
wat by hom was, het Hom egter gesoek, 37en toe hulle Hom kry, sê
hulle vir Hom: "Almal soek U."
38Maar Hy antwoord hulle: "Laat ons êrens anders heen gaan, na die
nabygeleë dorpies toe, sodat Ek daar ook kan preek, want daarvoor
het Ek gekom."
39Hy het toe gegaan en dwarsdeur Galilea in hulle sinagoges gepreek
en bose geeste uitgedrywe

- Jesus was besig!
  - Sy program was baie vol.

- Hy het dit nie kon doen omdat
  - Hy God was en daarom eindelose energie gehad het nie.
  - As mens op aarde het Jesus daardie krag opgeoffer
    - en Hy het sy werk gedoen deur die krag van die Gees
    - soos wat God se plan vir ons ook is. (Luk 4:1-13; Heb 2:18)
    - Hy het ook soms gehuil (Joh 11:33) en moeg gewees (Joh 4:6).

- Maar wat het Jesus gedoen om
  - in sy aardse lewe sy fokus te kan hou op wie Hy is en waarvoor Hy bestaan?
  - Hoe het hy sy balans gehou en nie verdwaal geraak in sy eie pyn, versoekinge en worstel nie?

35Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en
buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid.

- Ons sien hier in Markus 1 dat Jesus na daardie woeste dag se harde werk
  - nie soos ons maar 'n ou glasie wyn geskink het nie.
  - Hy het ook nie die vlgde oggend siek ingebel werk toe nie.

- Hy het vroeg oggend, voor die dag se gewoel, in die stilte
  - tyd met sy Vader gaan spandeer.
  - Dit was sy gewoonte.
  - Sy volgelinge het hom dan gesoek en gekry waar Hy eenkant tyd met sy Opdraggewer, spandeer.

- Dit was eintlik 'n kenmerk van sy bediening,
  - hoe besiger en intenser die stryd
  - hoe meer het Hy sy Vader opgesoek.

Dissipels se reaksie

- Hierdie gereelde eenkant-tye van Jesus het mettertyd sy volgelinge gefassineer.
  - Sy geestelike lewe en gewoontes was so anders as wat hulle geken het.
  - Hy het so doelgerig en gefokus gebly.
    - Dis waar ons nou by Lukas 11 kom.

- Ons lees hier hoe Jesus weer eendag besig was om so te bid.
  - Dit lyk asof sy dissipels hom bietjie afgeluister het.
  - Hulle het seker met mekaar gesels oor Jesus se gebede en toe net gewag tot hy klaar is voor hulle praat:
    - "Jesus, ons weet Johannes die doper het sy volgelinge geleer om te bid, leer ons ook asseblief."
  - Dit lyk asof dit nogal iets beteken...

- Gebedsformules, vaste gebede soos rympies,
  - was nie onbekend in daardie tyd nie.
  - Die dissipels vra hier vir Jesus so 'n vaste formule/rympie vir gebed.
  - As Hy tog net vir hulle een van sy formules leer dan sal hulle ook baie daaruit kan put.

- Ons weet dat Jesus toe vir hulle die 'Onse Vader' geleer het.
  - Ons gaan nie nou hier in diepte daarop in nie.

- Maar Jesus het meer vir hulle geleer as net die Onse Vader,
  - omdat gebed en tyd met die Almagtige Vader oor meer gaan as net rympies.

- Ons gaan nou eerder fokus op
  - die gelykenis wat Jesus ook vir ons gegee het saam met die 'Onse Vader'.

  - Jesus vertel hierdie gelykenis om te wys watter beginsels sit eintlik agter enige kontak met God.

- Waar lê die krag in kontak met God Almagtig eintlik?
  - Wanneer beteken tyd met God regtig iets?

Die gelykenis

- Die gelykenis wat Jesus vertel het was van 'n man wat onverwags laataand 'n vriend ontvang het.
  - Volgens Joodse gebruik was gasvryheid teenoor 'n reisiger wat by jou aanklop 'n baie ernstige saak.
  - Dit was ongeskik om nie so iemand te versorg nie en sou groot skaamte veroorsaak.

- Die gasheer het ongelukkig niks kos gehad om vir die reisiger te gee nie en gaan klop toe sy vriend op.
  - Die vriend sê toe geïrriteerd dat hy nie kan help nie want dit is al laat en almal slaap al,
  - hulle gaan wakker word as hy nou moet begin rondskarrel in die huis.

- En dan kom Jesus se kommentaar op hierdie storietjie om ons te help om dit te verstaan:

"[8]*Ek sê vir julle: Al sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en hom alles gee wat hy nodig het, omdat hy hom nie skaam om aan te hou vra nie*."

- Moenie fout maak nie: Die punt is nie
    - dat God soos jou nors buurman is wie se ore jy van sy kop af moet smeek voor iets gebeur nie.
    - Die punt is dat God juis nie soos jou nors buurman is nie!

- As jou nors buurman uiteindelik sal opstaan omdat jy aanhou vra sonder om skaam te wees,
    - hoeveel te meer sal God, wat glad nie nors is nie en wat duisend keer meer lief is vir jou, dit nie vir sy kinders doen nie?

- God antwoord elke hart
    - wat nie skaam is om smekend eerlik te wees
    - dat hulle nie sonder sy leiding en krag in hulle lewe kan regkom nie.

- Die ander voorbeeld waarmee Jesus die hart van God verduidelik is
    - van ouers teenoor hulle kinders.
    - Selfs aardse mense wat sonde het en baie foute weet om vir hulle eie kinders te sorg
        - ...wat dan nie van God wat volmaak is nie...
        - ***<u>nog baie meer</u>*** as 'n aardse pa of ma wil Hy vir jou, sy eie kind sorg!

    - Tyd met God gaan oor skaamtelose desperaatheid in jou, voor jou God.
    - Dat jy dringend net aan sy deur bly klop met jou verdwaal, bang, pyn, stres, en uitdagings – want jy weet Hy is jou Pa.

- En wat Jesus sê is: 'Hoekom sal Hy nie oopmaak as jy skaamteloos met jou trots in jou sak voor Hom gaan staan nie?'
    - <u>Dis waarmee Jesus elke dag besig was</u>

"Nog-baie-meer God"

- Ek hoop Jesus se punt begin nou duidelik te word:
    - ‘Hoekom sal Hy nie oopmaak as jy skaamteloos met jou trots in jou sak voor Hom gaan staan nie?’

- Vers13 sê: Nog baie meer as dit. Letterlik sê die Grieks: Hoeveel te meer sal die Vader dan nie die Heilige Gees gee aan die wat daarvoor smekend is nie.

- Deur Christus se dood en opstanding het jy 'n ‘nog-baie-meer’ Pa in die Hemel
    - Wat baie meer oor jou omgee as jou nors buurman.
    - wat vir jou nog baie meer lief is en oor jou besorgd is as jou aardse pa en ma.

- As jy dan aanhou om smekend voor die Vader te kom
    - is jy soos 'n kleintjie wat êrens lekker speel en elke nou en dan na jou pa toe hardloop en aan sy broek gaan trek: “Pappa, tel my op.”
    - En dan tel Sy Gees jou op sy skoot
        - en met liefde deel julle 'n oomblik wat jou veilig laat voel,
    - en jou weer laat afklim om verder te gaan speel.

- Dis wat tyd met God is.
    - Dis hoekom Jesus so aanhoudend eenkant tyd met sy Vader spandeer het in sy aardse lewe.

En nou?

- Bid is nie 'n inkopielys van woorde of rympies nie.
    - Gebed is om
        - in stil oomblikke op God se skoot te klim,
        - tyd in gesprek met Hom deur te bring
        - en nuwe fokus te kry oor
            - wie jy in Christus is
            - en wat God met jou en deur jou wil doen.

- Tyd met God waarin jy lees, bid, en stilbly om te luister en na te dink, is soos
    - om in 'n helikopter te klim en vir 'n paar oomblikke uit jou chaos lewe op te styg en dinge van sy kant af te sien.
    - Bo in die lug herken jy gou weer hoe die bos uiteengesit is en kry jy weer 'n idee van jou paadjie vorentoe.

- Dis hoekom jy gewoonlik na 'n erediens so 'n bietjie 'high' voel.
    - Jy was 'n entjie met die helikopter op, jy het God hoor praat, vir Hom gesing, met Hom gepraat,
    - sy Gees het die waters van jou hart effens geroer en jy het geland met so effens beter idee oor jou wêreld.

- God wil dit elke dag vir jou gee en jy kan dit elke dag hê!

Slot

- Ek hou van Pizza en wyn, om nuwe goed te koop en lekker te ontspan saam met vriende en familie.

    - Maar as jy soontoe draai om die rustelose gevoel van jou siel weg te vat,
        - en jy uiteindelik geestelik moeg voel, asof God ver is,
            - is God nie die een om te blameer nie.

- Dit is net Jesus wat die pad na jou "Nog-baie-meer-God" se skoot oopmaak
    - en vir jou leer om daar te gaan opklim met jou pyn, moegheid en teleurstelling
    - en nuwe lewe, hoop en rigting te kry deur die Heilige Gees se werk in jou lewe.

- Op sy skoot maak Hy die pyn stil en kry jy weer rigting.
    - Jy hoef net daar te gaan sit.

Oomblik Stilte –

- Dalk het jy nodig om vandag 'n besluit te maak oor jou geestelike lewenstyl –
  - ek gee so rukkie stilte waarin jy
    - met God hieroor kan praat
    - en 'n bietjie kan opstyg om weer jou rigting en doel raak te sien.

Amen

Griffel van Wyk
Brooklyn
30 Mei 2010